



(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)  
(Registrasienuommer: 2006/019240/06)  
("Zeder")

## AANBOD AAN ALLE KWV BEPERK ("KWV")-AANDEELHOERS

DIE VOLGENDE DOKUMENT IS BAIE BELANGRIK VIR ALLE KWV-AANDEELHOERS EN MOET AANDAGTIG DEUR-GELEES WORD VOORDAT DIE AANVAARDINGS- EN INDIENINGSVORM INGEVUL WORD.

*LET WEL DAT INDIEN DAAR ENIGE VERSKILLE TUSSEN DIE AFRIKAANSE EN ENGELSE WEERGAWE BESTAAN, SAL DIE ENGELSE WEERGAWE AS KORREK AANVAAR WORD.*

### WAT STAAN MY TE DOEN?

INDIEN U DIE AANBOD VAN **375 SENT** PER KWV-GEWONE AANDEEL WIL AANVAAR, MOET U DIE AANVAARDINGS- EN INDIENINGSVORM (**AANHANGSEL B**) VOLTOOI EN INHANDIG, TESAME MET DIE TOEPASLIKE DOKUMENTASIE, PER HAND OF PER POS, TEEN NIE LATER AS 17:00 OP **VRYDAG, 3 APRIL 2009**, NIE.

### INLEIDING

Die Zeder Beleggings Beperk ("**Zeder**") direksie het 'n besluit geneem om 'n vrywillige aanbod te maak aan alle KWV-aandehouers vir die verkryging, tot 'n maksimum van 34.9%, van die gewone uitgereikte aandelekapitaal van KWV ("**die aanbod**"). Zeder besit reeds 'n belang van 25.7% in KWV, en beoog om met die aanbod 'n addisionele belang van ongeveer 9.2% te bekom.

### 1. VOORWAARDES VAN DIE AANBOD

#### 1.1 Die aanbodprys

- 1.1.1 Die aanbodprys is **375 sent** per KWV-gewone aandeel in terme van die aanbod, betaalbaar in kontant.
- 1.1.2 **Aanhangsel A** tot die aanbodbrief gee 'n uiteensetting van die verhandelingsgeskiedenis van KWV-gewone aandele vir die tydperk Januarie 2008 tot Februarie 2009.
- 1.1.3 Die aanbodprys bied KWV-aandehouers die geleentheid om hul KWV-aandele te realiseer en die Zeder direksie glo dat dit 'n redelike prys is gegewe huidige mark-omstandighede.

#### 1.2 Die aanbodtydperk

Die aanbod sal open vir aanvaarding op **Vrydag, 13 Maart 2009**, om 09:00 en sal **Vrydag, 3 April 2009**, om 17:00 sluit.

#### 1.3 Basis van toewysing

Aangesien Zeder reeds 'n belang van 25.7% in KWV besit, beoog Zeder om met die aanbod 'n addisionele belang van ongeveer 9.2% te bekom op 'n "first come, first served" basis. Voorkeur sal dus gegee word aan vroeër aansoeke, gegewe dat die aansoek volledig voltooi is (soos per die instruksies vervat in die aanvaardings- en indieningsvorm). Gevolglik sal aansoeke nie op 'n pro-rata basis toegeken word nie, en Zeder sal aansoeke aanvaar soos ingedien, tot 'n maksimum addisionele belang van ongeveer 9.2% bekom is.

### 2. BELANGRIKE DATUMS EN TYE

Aanbod open om 09:00 op	Vrydag, 13 Maart 2009
Pos van aanboddokumente aan KWV-aandehouers	Dinsdag, 17 Maart 2009
Sluitingsdatum van die aanbod waar die aanvaardings- en indieningsvorm tesame met die betrokke titeldokumente (indien toepaslik) deur Zeder ontvang moet word teen nie later as 17:00 op	Vrydag, 3 April 2009
Betaling van aanbodteenprestasie om en by	Donderdag, 9 April 2009

#### Aantekeninge:

1. Die bogenoemde datums en tye is onderworpe aan verandering en enige verandering sal in die pers aangekondig word.

### 3. PROSEDURE VIR DIE AANVAARDING VAN DIE AANBOD

#### 3.1 Procedure vir KVV-aandeelhouders

KVV-aandeelhouders wat die aanbod wil aanvaar (in geheel of gedeeltelik), moet die aanvaardings- en indieningsvorm, hierby aangeheg as **Aanhangsel B**, volgens die meegaande instruksies invul en onderteken en dit saam met hul titeldokumente, insluitende aandelesertifikate of sodanige ander dokumentasie as wat die Zeder direksie geheel na eie goeddunke mag aanvaar ("aandelesertifikaat(e)"):

<i>afgelewer by</i>	<i>of</i>	<i>gepos na</i>
Mnr R van Heerden PSG Capital (Edms) Beperk 1ste Vloer, Ou Kollege Gebou Kerkstraat 35 Stellenbosch 7600		Mnr R van Heerden PSG Capital (Edms) Beperk Posbus 7403 Stellenbosch 7599

Indien u enige navrae het, kontak asseblief vir Riaan van Heerden by 021 887 9602, of alternatiewelik kan 'n e-pos versend word na [riaanh@psgcapital.com](mailto:riaanh@psgcapital.com).

Aanvaarding van die aanbod wat per pos gestuur word, word op die risiko van die betrokke KVV-aandeelhouer gedoen. Daar word aanbeveel (sonder dat Zeder enige aanspreeklikheid in die verband aanvaar) dat sodanige aanvaardings per geregistreerde pos gestuur word of per hand afgelewer word.

Die Zeder direksie behou die reg voor om aansoeke gedeeltelik of in geheel te aanvaar of van die hand te wys, of om sodanige aansoeke te verminder, op so 'n wyse as wat die Zeder direksie na eie goeddunke mag vasstel.

Indien 'n aanvaardings- en indieningsvorm afgekeur word vanweë die nie-nakoming van die meegaande instruksies, sal dit beskou word asof die betrokke KVV-aandeelhouer nie die aanbod aanvaar het nie. Die Zeder direksie mag nietemin, geheel na eie goeddunke, die nie-nakoming deur enige KVV-aandeelhouer van die bepalings van die aanbod verskoon.

Zeder mag versoek word om persoonlike inligting van KVV-aandeelhouders openbaar te maak aan regeringsowerhede en agentskappe, soos dit deur Wetgewing vereis mag word.

#### 3.2 Aanvaardings onherroeplik

Alle aanvaardings van die aanbod wat deur Zeder ontvang word, sal onherroeplik wees.

#### 3.3 Wysiging in of verandering van die aanbod

Geen wysigings in of verandering aan die aanbod sal geldig wees tensy dit skriftelik gedoen word en deur die Zeder direksie gemagtig word nie.

#### 3.4 Geen verrekeningsbetaling

Vereffening van die aanbodteenprestasie waarop 'n KVV-aandeelhouer ooreenkomstig die aanbod geregigtig word, sal ten volle geïmplementeer word ooreenkomstig met die aanbod sonder inagneming van enige retensiereg, verrekeningsreg, teeneis of ander gelyksoortige reg waarop enige persoon 'n reg mag hê.

#### 3.5 Ontvangsbewyse

Geen ontvangsbewyse sal uitgereik word vir dokumente wat deur Zeder (of sy gemagtigde agent) ontvang word nie, tensy ontvangsbewyse skriftelik aangevra word.

#### 3.6 Verlore of vernietigde aandelesertifikaat(e)

Indien die aandelesertifikaat(e) wat ten opsigte van enige KVV-gewone aandele ingelewer moet word, verlore of vernietig is, mag die Zeder direksie met die voorlegging van bevredigende bewyse, teen nie later as 17:00 op Vrydag 3 April 2009 (die sluitingsdatum), die vereiste om sodanige aandelesertifikaat(e) in te lewer, tersyde stel. In so 'n geval moet 'n aandeelhouer wat nie meer in besit van sy/haar aandelesertifikaat(e) is nie, maar wat die aanbod wil aanvaar, die aanvaardings- en indieningsvorm (**Aanhangsel B**) hierby aangeheg volgens die meegaande instruksies voltooi.

#### 3.7 Betaling van die aanbodteenprestasie

Tjeks sal per geregistreerde pos, op risiko van die betrokke KVV-aandeelhouer geos word aan KVV-aandeelhouders wat die aanbod aanvaar, of regstreeks in die KVV-aandeelhouer se bankrekening inbetaal word, afhangende van die instruksies in die behoorlik ingevulde aanvaardings- en indieningsvorm, om en by Donderdag, 9 April 2009, onderworpe aan die ontvangs van die behoorlik ingevulde aanvaardings- en indieningsvorm (**Aanhangsel B**) en geldige aandelesertifikaat(e) teen die sluitingsdatum van die aanbod. Indien geen instruksie met betrekking tot die betalingsmetode op die aanvaardings- en indieningsvorm aangedui is nie, sal die aanbodteenprestasie op die aandeelhouer se eie risiko aan die betrokke KVV-aandeelhouer per geregistreerde pos gestuur word.

Indien u onseker is rakende die besluit om die aanbod te aanvaar of van die hand te wys, konsulteer asseblief met u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ander professionele raadgewer.

Indien u enige navrae het of addisionele vorms verlang, kontak asseblief vir Riaan van Heerden van PSG Capital by 021 887 9602, of alternatiewelik kan 'n e-pos versend word na [riaanh@psgcapital.com](mailto:riaanh@psgcapital.com).

**ZEDER BELEGGINGS BEPERK**  
17 Maart 2009

OOOR DIE TOONBANK VERHANDELING GESKIEDENIS VAN KVV–GEWONE AANDELE

Jaar	Maand	Dag	Hoeveelheid	Waarde	Gemiddelde prys (geweeg)
<b>Kwartaalliks</b>					
2008	Mei	31	4 277 138	17 075 277	3.99
2008	Augustus	31	1 895 803	7 280 361	3.84
2008	November	30	1 959 814	6 960 962	3.55
2009	Februarie	28	1 761 623	6 071 262	3.45
<b>Maandeliks</b>					
2008	Januarie	31	872 061	3 698 629	4.24
2008	Februarie	29	42 447	164 951	3.89
2008	Maart	31	1 897 520	7 571 491	3.99
2008	April	30	1 124 936	4 486 468	3.99
2008	Mei	31	1 254 682	5 017 318	4.00
2008	Junie	30	592 014	2 365 496	4.00
2008	Julie	31	25 260	86 506	3.42
2008	Augustus	31	1 278 529	4 828 359	3.78
2008	September	30	909 542	3 552 771	3.91
2008	Oktober	31	516 420	1 701 889	3.30
2008	November	30	533 852	1 706 302	3.20
2008	Desember	31	496 041	1 599 632	3.22
2009	Januarie	31	809 089	2 828 778	3.50
2009	Februarie	28	456 493	1 642 852	3.60
<b>Daaglik</b>					
2009	Februarie	2	10 000	36 000	3.60
2009	Februarie	3	–	–	–
2009	Februarie	4	–	–	–
2009	Februarie	5	45 697	164 509	3.60
2009	Februarie	6	20 000	72 000	3.60
2009	Februarie	9	43 860	159 646	3.64
2009	Februarie	10	–	–	–
2009	Februarie	11	–	–	–
2009	Februarie	12	–	–	–
2009	Februarie	13	110 924	388 878	3.51
2009	Februarie	16	10 530	36 855	3.50
2009	Februarie	17	55 683	194 887	3.50
2009	Februarie	18	–	–	–
2009	Februarie	19	80 333	296 349	3.69
2009	Februarie	20	–	–	–
2009	Februarie	23	10 000	37 500	3.75
2009	Februarie	24	40 000	148 000	3.70
2009	Februarie	25	21 467	79 428	3.70
2009	Februarie	26	8 000	28 800	3.60
2009	Februarie	27	–	–	–

---

## **AANVAARDINGS- EN INDIENINGSVORM VIR GEBRUIK DEUR KVV-AANDEELHOUSERS ALLEENLIK**

---

Tensy daar in die konteks anders bedoel word, sal uitdrukkings wat in die aanvaardings- en indieningsvorm gebruik word dieselfde betekenis hê as in die aanbodbrief waarby hierdie vorm aangeheg is en waarvan dit deel vorm.

Hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet voltooi word deur KVV-aandeelhouers wat die aanbod van Zeder wil aanvaar, om 'n gedeelte of hul volle aandeelhouding in KVV te verkoop, soos uiteengesit in die aanbodbrief uitgereik deur Zeder aan alle KVV-aandeelhouers, gedateer 17 Maart 2009, waaraan die vorm aangeheg is.

KVV-aandeelhouers wat hul aandelesertifikaat(e) voor die sluitingsdatum indien, sal nie in hul KVV-aandeel kan verhandel na indiening nie.

### **Instruksies**

1. 'n Aparte vorm moet deur elke KVV-aandeelhouer voltooi word. Persone wat KVV aandeel bekom het na die versending van die aanbodbrief aan KVV-aandeelhouers, kan kopieë van die aanbodbrief, asook die aanvaardings- en indieningsvorm aangeheg tot die aanbodbrief verkry vanaf PSG Capital (Edms) Beperk ("PSG Capital"), Zeder se korporatiewe adviseurs.
2. **KVV-aandeelhouers in besit van hulle aandelesertifikaat(e)**  
Hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet voltooi word deur KVV-aandeelhouers wat die aanbod wil aanvaar en wat in besit van hulle aandelesertifikaat(e) is. Sodanige KVV-aandeelhouers moet slegs **Deel 1** van hierdie vorm voltooi.
3. **KVV-aandeelhouers nie in besit van hulle aandelesertifikaat(e) nie**  
Hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet voltooi word deur KVV-aandeelhouers wat die aanbod wil aanvaar maar wat nie in besit van hul aandelesertifikaat(e) nie omrede:
  - 3.1 aandelesertifikaat(e) deur hul makelaar (of genomineerde aandeelhouer) in gedematerialiseerde vorm gehou word. Sodanige KVV-aandeelhouers moet slegs **Deel 2** alleen van hierdie vorm voltooi; OF
  - 3.2 aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is. Waar KVV-aandeelhouers wie se aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is, dokumentêre of andersins bewyse kan lewer van hulle geregtigheid op sodanige gewone aandeel moet hulle PSG Capital van sodanige bewyse voorsien en slegs **Deel 2** alleen van hierdie vorm voltooi.
4. Die vorm moet ingedien word by PSG Capital **tesame** met u aandelesertifikaat(e), wat ontvang moet word voor of op die sluitingsdatum van die aanbod. Indien u aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is, moet u steeds die vorm voltooi en inhandig. Zeder mag sy alleenlike diskresie toepas om die vereiste inhandiging van aandelesertifikaat(e) kwyt te skeld indien genoegsame bewyse gelewer kan word dat aandeelhouers se aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is.
5. Die aanbod sal open vir aanvaarding op **Vrydag, 13 Maart 2009**, om 09:00 en sal **Vrydag, 3 April 2009**, om 17:00 sluit.

---

### **Hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet volledig voltooi en versend word aan:**

Vir aandag: Mnr R van Heerden

<i>Afgelewer by/gekoerier na</i>	<i>of</i>	<i>gepos na</i>
PSG Capital (Edms) Beperk		PSG Capital (Edms) Beperk
1ste Vloer, Ou Kollege Gebou		Posbus 7403
Kerkstraat 35		Stellenbosch
Stellenbosch		7599
7600		

Indien u enige navrae het, kontak asseblief vir Riaan van Heerden by 021 887 9602, of alternatiewelik kan 'n e-pos versend word na [riaanh@psgcapital.com](mailto:riaanh@psgcapital.com).

---

Hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet voltooi word deur **alle** KVV-aandeelhouers wat die aanbod wil **aanvaar**.

Ek/Ons aanvaar die aanbod wat vervat is in die aanbodbrief waarby hierdie aanvaardings- en indieningsvorm aangeheg is en waarvan dit deel uitmaak.

Ek/Ons sluit die ondergenoemde aandelesertifikaat(e) (of sodanige ander dokumentêre bewyse, wat die Zeder-direksie na goeddunke kan aanvaar) in en dien dit in as bewys van my/ons gergetigheid op die KVV gewone aandeel.

Ek/Ons magtig Zeder, om ingevolge **Deel 1** of **Deel 2** van hierdie vorm, na gelang van die geval, om al sodanige dokumente (wat sal insluit alle CM vorms soos benodig vanaf die Registrateur van Maatskappye) te onderteken en al sodanige dinge te doen wat nodig mag wees om die oordrag van my/ons aandeel aan Zeder, of sy genomineerde, ingevolge die aanbod te bewerkstellig.

**DEEL 1 – INLEWER VAN AANDELESERTIFIKAAT(E)**

(Moet voltooi word deur alle KVV-aandehouers wat in besit van hulle aandelesertifikaat(e) is. Indien u nie hierdie besonderhede ken nie, voltooi asseblief DEEL 2 asof u aandelesertifikaat(e) verlore is)

Naam van geregistreerde houer (afsonderlike vorm vir elke houer)	Sertifikaat-nommer(s)	Aantal KVV-aandele gedek deur elke sertifikaat wat ingesluit word	Aantal KVV-aandele ten opsigte waarvan die aanbod aanvaar word	Aantal KVV gewone aandele ten opsigte waarvan die aanbod nie aanvaar word nie
TOTAAL				

<b>Handtekening van KVV-aandehouer</b>	<b>Stempel en adres van agent wat hierdie vorm indien (indien enige)</b>
_____ Meld volle naam (en hoedanigheid indien bygestaan word) of naam van regspersoon	
Bygestaan deur (indien enige):	
Datum:	2009
<b>Telefoonnommers:</b> _____ (Huis) _____ (Werk) _____ (Selfoon)	

**METODE VAN BETALING**

Ek/Ons versoek hiermee dat die aanbodteenprestasie van **375 sent** per KVV gewone aandeel aan my/ons betaal word per:

**Tjek**  
 of

**Elektroniese bankoorplasing**

(Merk asseblief die toepaslike blokkie)

Adres waarheen die aanbodteenprestasie per tjek gestuur moet word (indien verskil van geregistreerde adres soos per aandeel sertifikate):

**OF:**

Ek/Ons versoek hiermee dat die aanbodteenprestasie van **375 sent** per KVV gewone aandeel gedeponeer word in my/ons bankrekening waarvan besonderhede hieronder verstrek word:

**Besonderhede van bankrekening**

Naam van rekeninghouer (geen derdepartyrekenings nie):

Van of naam van regspersoon, indien enige:

Voorname (volledig):

Titel (Mnr, Mev, Mej, ens.):

Banknaam:

Taknaam:

Takkode:

Rekeningnummer:

**DEEL 2 – AANDELESERTIFIKAAT(E) GEHOU DEUR MAKELAAR IN GEDEMATERIALISEERDE VORM OF AANDELESERTIFIKAAT(E) VERLORE OF Vernietig**

(Moet voltooi word deur KVV-aandehouers wie se aandelesertifikaat(e) deur hul makelaar (of genomineerde aandeelhouer) gehou word of wie se aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is.)

**Vul asseblief die persentasie in van u KVV gewone aandele wat ingelewer gaan word en verstrek besonderhede van enige bewyse (buiten aandelesertifikate) van u geregtigheid op die aandele**

Ek/Ons wil  % OF  (aantal aandele)

(vul persentasie in van aandele wat ingelewer gaan word)  
van my/ons KVV gewone aandele ingevolge die aanbod inlewer.

**Ek/Ons het die volgende bewyse van my/ons geregtigheid op bogenoemde aandele (verstrek slegs detail indien u aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is):**

**VRYWARINGSKLOUSULE**

Ek/Ons waarborg hiermee dat ek/ons voordelig geregtig is op die aandele soos in hierdie **Deel 2** uiteengesit word en as sulks sodanige aandele vrylik kan oordra, vervreem, van die hand sit of inlewer.

Ek/Ons is nie bewus van enige belemmering of beswaring ten opsigte van sodanige aandele wat andersins my/ons inlewing van die aandele verbied of beperk nie.

Ek/Ons vrywaar Zeder en sy direkteure voorts teen enige skade, risiko of leed van enige aard hoegenaamd wat deur my/ons aanvaarding en inlewing van die aandele ingevolge die aanbod veroorsaak kan word of daaruit kan ontstaan.

**DETAIL VAN MAKELAAR ("CSDP") (voltooi slegs indien u aandelesertifikaat(e) deur u makelaar gehou word in gedematerialiseerde vorm)**

**Verkry asseblief die inligting vanaf u makelaar tot die mate nodig. Dit sal nie moontlik wees om u aanvaarding te verwerk sonder onderstaande inligting.**

CSDP naam:

CSDP kontakpersoon:

CSDP kontaktelefoonnummer:

Rekeningnummer:

<b>Handtekening van KVV-aandeelhouer</b>	<b>Stempel en adres van agent wat hierdie vorm indien (indien enige)</b>
Meld volle naam (en hoedanigheid indien bygestaan) of naam van regspersoon	
Bygestaan deur (indien van toepassing):	
Datum: 2009	
<b>Telefoonnummers</b> (Huis) _____ (Werk) _____ (Selfoon) _____	

**METODE VAN BETALING**

Ek/Ons versoek hiermee dat die aanbodteenprestasie van **375 sent** per KVV gewone aandeel aan my/ons betaal word per:

**Tjek**

of

**Elektroniese bankoordrag**

(Merk asseblief die toepaslike blokkie)

Adres waarheen die aanbodteenprestasie per tjek gestuur moet word (indien verskil van geregistreerde adres):

**OF:**

Ek/Ons versoek hiermee dat die aanbodteenprestasie van **375 sent** per KVV gewone aandeel gedeponeer word in my/ons bankrekening waarvan besonderhede hieronder verstrek word:

**Besonderhede van bankrekening**

Naam van rekeninghouer (geen derdepartyrekenings nie):

Van of naam van regspersoon, indien enige:

Voorname (volledig):

Titel (Mnr, Mev, Mej, ens.):

Banknaam:

Taknaam:

Takkode:

Rekeningnummer:

### **Aantekeninge:**

1. KWV-aandeelhouders wat hulle aandele ingevolge die aanbod wil inlewer en in besit is van hulle aandelesertifikaat(e) moet **Deel 1** van hierdie vorm voltooi.
2. KWV-aandeelhouders wat hulle aandele ingevolge die aanbod wil inlewer, maar **nie** in besit is van hulle aandelesertifikaat(e) nie omdat sulke sertifikate deur hul makelaar in gedematerialiseerde vorm gehou word, of omdat hul aandelesertifikaat(e) verlore geraak het of vernietig is, maar bewyse, dokumentêre bewyse of andersins, kan lewer van hulle geregtigheid op sodanige gewone aandele, moet PSG Capital voorsien van sodanige bewyse en **Deel 2** alleenlik van hierdie vorm voltooi.
3. Aanvaarding van die aanbod wat ontvang is deur Zeder voor of op die sluitingsdatum sal onherroeplik wees.
4. Ontvangsbewyse: Geen ontvangsbewyse sal uitgereik word vir dokumente wat ingedien is nie, tensy ontvangsbewyse spesifiek aangevra word.
5. Indien u onseker is oor die voltooiing van die vorm, konsulteer asseblief met u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ander professionele raadgewer, alternatiewelik kan u vir Riaan van Heerden van PSG Capital skakel by 021 887 9602.
6. Ondertekenaars mag versoek word om bewys te lewer van hulle magtiging of hoedanigheid om die vorm te onderteken.
7. Indien 'n KWV-aandelehouer verkies het om 'n persentasie van sy aandele wil verkoop in terme van die aanbod, sal die hoeveelheid afgerond word.
8. Enige wysigings van hierdie aanvaardings- en indieningsvorm moet ten volle onderteken word en nie geparafeer word nie. Zeder het alleenreg om enige wysigings aan die vorm nie te aanvaar nie.
9. Indien hierdie aanvaardings- en indieningsvorm kragtens 'n volmag onderteken word, moet sodanige volmag of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan saam met hierdie vorm ingedien word om aangeteken te word.
10. Waar die houër 'n maatskappy of 'n beslote korporasie is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se besluit wat die ondertekening van hierdie aanvaardings- en indieningsvorm magtig, ingedien word.
11. Waar KWV-aandele gesamentlik gehou word, moet die aanvaardings- en indieningsvorm deur alle gesamentlike houers onderteken word. Zeder mag, by wyse van sy alleenlike diskresie, die handtekening aanvaar van die houër wat se naam eerste in die aandeelhoudersregister opgeteken is vir oordrag van die KWV-aandele.
12. Die aanbodteenprestasie sal binne 4 besigheidsdae na die sluitingsdatum van die aanbod aan KWV-aandehouders betaal word. Die aanbodteenprestasie sal alleenlik aan KWV-aandehouders betaal word indien die aanvaardings- en indieningsvorm korrek voltooi is, en die vereiste aandelesertifikaat(e) aan Zeder oorhandig is.
13. Die aanbodteenprestasie verskuldig aan emigrante en nie-inwoners van gemeenskaplike monetêre gebied (laasgenoemde sluit Suid-Afrika, die Republiek van Namibië en die Koninkryke van Swaziland en Lesotho in) ("nie-inwoner") sal slegs gedeponeer word in 'n bankrekening van 'n geregistreerde bank binne die gemeenskaplike monetêre gebied, of per tjek uitgereik in Suid-Afrikaanse Rand indien die KWV-aandelehouer nie 'n bankrekening binne die gemeenskaplike monetêre gebied besit nie. Indien nie-inwoners onseker is oor die hantering van die aanbod, konsulteer asseblief met u bankier, makelaar, prokureur, rekenmeester of ander professionele raadgewer.
14. KWV-aandeelhouders word geadviseer om met hul professionele adviseurs te konsulteer rakende hul persoonlike belastingposisie aangaande die ontvangs van die aanbodteenprestasie.
15. KWV-aandeelhouders word verwys na die aanbodbrief wat hul noukeurig moet bestudeer ten opsigte van die terme van die aanbod asook die prosedure wat gevolg moet word vir die aanvaarding daarvan.
16. In geval van teenstrydighede tussen die aanvaardings- en indieningsvorm en die aanbodbrief, sal die aanbodbrief voorrang geniet.